## 9 Julie - KRUIS

**Skrifgedeelte: Lukas 9:18-36**
**Fokusgedeelte: Lukas 9:28-36**

Is die kruisiging van Jesus Christus iets wat verkeerd geloop het in God se bestuur? Daar is inderdaad teoloë (o.a. Albert Schweitzer en Herman Wiersinga) wat beweer dat Jesus enduit gehoop het dat die Vader sou ingryp om die kruisiging te verhinder, en dat Hy dus uiteindelik as 'n ontnugterde gesterf het.

Wat sê God sélf hieroor? Die Bybel se boodskap is duidelik: Omdat 'n vloekdood die enigste manier is waarop ons verlos kon word, was die kruis vir God nooit onderhandelbaar nie. Dit het uit die staanspoor vas gestaan. En wat aangrypend is, is dat Jesus nie maar net sy kruisweg lydelik aanvaar het nie. Nee, Hy het sy wil volledig onder die wil van sy Vader ingebuig en keer op keer weer sy keuse bevestig om die volle lydensweg vir sondaars te stap.

Hier in die verheerliking op die berg maak Jesus 'n finale keuse voordat Hy sy laaste reis na Jerusalem aanpak. Terwyl Hy gebid het, het sy Goddelike natuur skielik onbelemmerd geskitter en het Hy besoek ontvang van Moses en Elia. Ons kan sê die wetgewer (Moses) en die wethandhawer (Elia) verskyn hier aan die Wetvolbringer ... en hulle praat met Hom oor sy komende lydensweg (vs 31).

Dit is dán dat Petrus met die voorstel kom om vir Jesus en sy twee besoekers elkeen 'n *hut* te bou. Die hele toneel is vir hom so hemels dat hy ten alle koste *permanensie* daaraan wil verleen!

Daarom moes Jesus opnuut die doel van sy koms na die wêreld uitspel. Hy moes sigbaar 'n *keuse maak tussen hemelvaart en kruisiging*: Óf saam met Moses en Elia opvaar hemel toe, óf sy heerlikheid aflê en in die diepte van vernedering en verguising afklim. Toe die wolk wegtrek, was sy keuse duidelik. Moses en Elia is terug hemel toe, en Jesus bly alleen agter omdat Hy die wêreld aan sy voete nie kan vergeet nie.

Meer spesifiek: Hy kon jou nie maar reddeloos aan jouself oorlaat nie. Daarom betaam dit jou om jouself met alles wat jy is en het as lewende dankoffer aan die Here toe te wy.

*Sing: Psalm 116:1, 7, 10* — *Ds JJ Cloete (Koster)*